
GELOOF In Die Woord



FAITH In The Word

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411 - Website address: www.stangerchristiancentre.co.za

BEVRYDING VAN VREES

As ons vandag na die wêreld om ons kyk, en ons sou die vraag stel: Wat is die emosie wat ons die meeste in mense lewens in ons tyd teëkom, sou ons almal saamstem dat dit VREES is. Want ons vind dit nie net by die kinders en minderbevoorregtes van hierdie wêreld nie, maar by die rykes en invloedrykes, diegene wat gesag en mag het, by wêreldregerings en hoëlui. Vrees is 'n kanker wat diep in 'n mens se gemoed vreet, gewoonlik in die eensaamheid en jou voortdrywe tot raserny en onbesonnenheid waaroor jy later bitter spyt is, om net weer plek te maak vir nuwe vrese – **'n onkeerbare kringloop aangevuur deur Satan self**! Ek het gehoor dat iemand gesê het: Vrees is die duiwel se tweede naam! Ek glo dit!

Vrees kan in so baie verskillende vorms voorkom: Oorversigtigheid, oordeelkundigheid, preutsheid, maar ons sal nog weer daar by kom. Laat ons begin deur te lees wat die Here van vrees sê, want vrees (bekommernis en depressie) is die teenoorgestelde van geloof, en ons lees in **Heb. 11:6 En sonder geloof is dit nmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek.**

2 Tim. 1:7: Want God het ons nie 'n <u>gees</u> (verstand) **van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing. Spr. 29:25: Die vrees vir die mens span 'n strik.**

1 Joh. 4:18: … want vrees sluit straf in (Engels: fear hath torment).

Ps. 118:6: Die Here is vir my; ek sal nie vrees nie; wat kan 'n mens aan my doen?

Heb. 13:6: Die Here is vir my 'n Helper, en ek sal nie vrees nie; wat sal 'n mens aan my doen?

Vrees is 'n duiwelse gees of demoon. Vrees is 'n gebrek aan vertroue in Christus en die Bybel, en bring 'n gesindheid van bedeesdheid, onwilligheid en huiwering voort. Dit veroorsaak 'n gebrek aan moed wat duisende mense – baie van hulle wedergebore kinders van die Here – swak, verslane lewens vol verskonings laat lei – vêr, vêr benede die oorvloedige voorregte wat daar in Christus weggelê is.

'n Aangrypende verhaal in die Bybel oor vrees wat beslis nie die Here behaag het nie, is die gebeurtenis in die Ou Testament van die twaalf verspieders wat deur Moses uitgestuur was om die Land Kanäan te ondersoek en inligting daaroor terug te bring (Numeri 13 en 14). Hierdie twaalf manne het saam uitgetrek, dieselfde land en omstandighede ondersoek. Tien van hulle het egter koue voete gekry en met vrees en lafhartigheid na Moses teruggekom en chaos gesaai in Israel. Hulle het die Here se Belofte en opdrag oor die land wat hulle inbesit moet neem, geïgnoreer en gesê dis onmoontlik om die land in te neem. Tien van hierdie verspieders se gedagtes was vol vrees, terneergedruktheid en ongeloof!

Daar was darem Josua en Kaleb wat die mense aangemoedig het met woorde soos: "Wees sterk en vol moed, wees nie bevrees en verskrik nie … die Here onse God is met ons". Ongelukkig is dit vandag netsò dat van Christene vasgevang is deur vrees en kan hulle daarom nie 'n oorwinnende lewe lei nie!

Ons het nou reeds gelees dat die Here se Woord sê dat Hy ons nie 'n **gees** van vreesagtigheid gegee het nie. Ons lees ook in **Jak. 1:17 Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader van die ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie.** Die Here is die Gewer van goeie gawes (geskenke) en dit is vrees beslis nie!

Wat egter van uiterste belang is, is om te besef dat vrees SONDE is! Ons weet vrees is die teenoorgestelde van geloof en die Bybel sê in **Rom. 14:23: En alles wat nie uit die geloof is nie, is sonde.** Dis wanneer hierdie besef in jou gemoed brand en jy besef dat jy

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Bevryding van vrees….)
deur te vrees teen die Here se Wil gaan, net soos wanneer jy enige ander sonde doen, dat jy gemotiveer sal word om ten alle koste van die vrees ontslae te raak.

Maar miskien moet ek hier kwalifiseer: As Jesus Christus jou Here en Verlosser is en jy Hom geheel en al wil behaag, sal jy ten alle koste van die vrees wat jou teister, wil ontslae raak! Met ander woorde, as jy nie ernstig genoeg in jou stryd teen vrees is nie, is my outomatiese vraag: "Hoe ernstig is jou begeerte om die Here te behaag?"

Jy sien, DAAR IS GEEN ANDER WYSE WAARDEUR JY 'N VREESLOSE LEWE KAN LEI NIE, BEHALWE AS JESUS CHRISTUS JOU HERE IS, en jy vrees op die Bybelse wyse weerstaan nie. Ek glo dat wanneer die demoon van vrees ons verstand aanval, dan is een van ons magtigste wapens lofprysing, vir al die seëninge van die Here. I Thess. 5:17-18: **Bid sonder ophou. Wees in alles dankbaar……** (In alles nie VIR alles nie)

Aan die kruis op Golgota het Jesus Christus, God in die vlees (Joh. 1:14), Satan en sy magte en sette blootgelê en oorwin en verbreek (1 Joh. 3:8 en Kol. 2:15) sodat ons, wat Sy Kinders is, vry en vreesloos en suksesvol kan lewe. Jesus het in Getsamanie bloed druppels gesweet om vir ons vrese te betaal.

Volgens mediese navorsing word 'n baba met slegs twee vrese gebore, nl. die vrees om te val en die vrees vir harde geraas, wat eintlik 'n natuurlike ingebore beskermings meganisme is. Alle ander vrees leer ons aan soos ons opgroei. Die Bybel sê: "God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing" (2 Tim. 1:7). **Vrees is 'n lewende gees en kom van Satan af**. Ons weet sy plan is om ons te vernietig (Joh. 10:10), laat ons daarom op ons hoede wees vir sy sette. Die Bybel sê ook dat ons aan die duiwel geen plek moet gee nie (Ef. 4:27) en dan lees ons ook die ontstellende teks in **Openb. 21, nl. vers 8: Maar wat die VREESAGTIGES aangaan… hulle deel is in die poel wat brand, met vuur en swawel; dit is die tweede dood.**

VREES IS SONDE, net soos ongeloof, moord, hoerery, toorkunste, leuens en afgodediens – lees weer Openb. 21:8 en besef weereens dat vrees nie net jou liggaam en lewe op aarde sal vernietig nie, maar dit het gevolge tot in die ewigheid. Die oomblik wat jy, as 'n kind van die Here, vrees, sê jy eintlik: "Jesus is nie in staat om my deur hierdie situasie te dra nie," en dis tot die oneer van Hom wat duur vir jou betaal het aan die kruis.

Hou net in gedagte, dat Satan gebruik vrees om jou geloof in die Here en in Sy Woord te vernietig! Satan gebuik ons gedagtes om dit reg te kry, maar moet sy leuens nie glo nie! Maar jy is mos nou reg vir hom! Gebruik jou geestelike wapens, die Woord van die Here wat vir ewig vasstaan (jou swaard) en die krag in die Bloed van Jesus! **(Jas 4:7) Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug.** Weerstaan die duiwel, bestraf die onreine gees van vrees en verjaag hom en moet nie eers een van sy gedagtes vertroetel nie. Die kennis kom nie oor nag of vanselfsprekend nie, maar moet gedurig beoefen word. Dis belangrik dat jy elke keer wanneer jy vrees, *dit onmiddellik voor die Here sal bely*, want vrees is sonde soos enige ander sonde. Ons loof God vir Sy wonderlike **belofte in** 1 Joh.1:9: As ons, ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. **Maak dus ook korte mette met die sonde van vrees en vreesgedagtes deur dit te bely en Satan se demone van jou af weg te stuur.**

Soos ek nou al etlike kere gesê het: vrees, is die teenoorgestelde van geloof. *Vrees is eintlik ongeloof,* want GELOOF GLO WAT DIE BYBEL Sê, AL Sê OMSTANDIGHEDE DIE TEENOORGESTELDE! Jy sien, VREES IS OM NIE TE GLO WAT DIE HERE Sê NIE, *want as jy Hom geglo het, sou jy nie gevrees het nie!* VREES BEWEEG DIE HAND VAN SATAN, want dit gee hom 'n wettige rede om in 'n sekere situasie te werk weens *jou gebrek aan geloof in die Here en Sy Woord* (wat 'n sonde is) in daardie omstandighede! GELOOF BEWEEG DIE HAND VAN DIE HERE, want Hy kan namens jou in 'n sekere situasie werk, omdat jy Hom vertrou en Sy Woord GLO, afgesien van hoe die omstandighede lyk, veral nou in hierdie laaste dae met al die verwoestende hongersnood, vloede, vure en aardbewings wat plaasvind oor die hele wêreld, en die korrupsie en geweld in ons eie land! MOENIE VREES NIE – lees ieder Psalm 91 en pas dit toe, en let veral op vers 14. **"Omdat Hy my lief het sê God, daarom sal Ek hom red; Ek sal hom beskerm, omdat hy my Naam ken."** (Here Jesus Christus) Kry ons boek "Wat is die Naam van ons God".

Waarvoor sal ons dan vrees? Ek sal graag die gebeurtenis aangaande die oprigting van die dogtertjie van Jairus soos in Markus 5 beskryf word, so 'n bietjie saam met jou wil fynkam, sodat jy kan sien hoe Jesus Self hierdie kwessie van vrees en ongeloof hanteer het. Lees eers Markus 5:21 tot 43 aandagtig deur. Hier sien ons vir Jairus, 'n vername man, 'n vader wie se dogtertjie sterwend is. Dis 'n *desperate* situasie. Stel jouself vir 'n paar oomblikke in sy plek: **Jou kind is besig om te sterf – wat kan erger wees!** Hy het sterk geloof, daarom kom hy na Jesus en smeek Hom dringend om vir sy kind die hande te kom oplê (vers 23).

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2....Bevryding van vrees…)

Jesus vertrek onmiddellik saam met hom, maar toe val iets voor: 'n vrou wat al 12 jaar lank siek is trek Sy aandag af (verse 25 tot 34). Jesus genees haar en admireer haar vasberadenheid. Hy sê vir haar: JOU GELOOF HET JOU GERED (vers 34). Maar dink wat het intussen in Jairus se gemoed omgegaan! Dit het seker vir hom soos 'n leeftyd gevoel terwyl Jesus met die vrou gepraat het en miskien wou hy uitroep: *Vrou, jy lyk nou al sò lank aan die siekte, jy kon seker tog nog net wag tot môre en die Meester dan kontak. Nou vertraag jy Hom en Hy is oppad na my kind wat sterwend is!*

Toe kom die **UITERSTE** gerug: **U dogter is dood.** So is dit partykeer in 'n mens se lewe. Dis nie noodwendig jou kind wat dood is nie, maar dis die mediese verslag, die X-straal foto, die dokter se woorde: *Jy het kanker. Jy sal nooit weer kan loop nie. Ons kan niks verder vir jou doen nie.*

Let op wat sê Jesus toe hierdie UITERSTE, SLEGTE, FINALE nuus Hom bereik: MOENIE VREES NIE, GLO NET (vers 36). Kyk net hoe aangrypend word dit uitgedruk in sommige Engelse vertalings. (Amplified en New International Version) **Overhearing but IGNORING what they said, Jesus said to the ruler of the synagogue: Do not be seized with alarm and HAVE NO FEAR, only <u>KEEP ON BELIEVING.</u>**

JESUS HET SATAN SE SLEGTE NUUS GEIGNOREER! Want hierdie nuus dat die dogtertjie dood is, was VREESLIKE woorde, sataniese woorde, soos: *Jy het kanker*. Jy sal nooit weer kan loop nie. Jy is besig om blind te word. Jy sal nooit kinders kan hê nie. Jy is besig om bankrot te word. Jou huwelik is op die rotse.

Die duiwel probeer hierdeur jou geloof afbreek, want alhoewel jy siek was, het jy GELGO jy sal genees word, totdat jy die dag die uitslag van die X-straal foto's gehoor het.

U dogter is dood. Dit was demoniese se woorde, en Jesus het dit geïgnoreer en vir Jairus gesê: **MOENIE TOEGEE AAN VREES NIE en HOU AAN GLO!** Selfs woorde van simpatie en meegevoel van ander mense is partykeer ook demone se manier om ons geloof af te breek en ons te laat vrees. (Let dus maar gerus ook op wat JY vir iemand Sê wat in nood verkeer – sorg dat JOU woorde GELOOFS OPBOUENDE WOORDE IS VOLGENS DIE WOORD VAN DIE HERE!)

Vers 37 van Mark. 5 sê vir ons dat Jesus net Petrus, Jakobus en Johannes toegelaat het om saam met Hom na Jairus se huis te gaan – hoekom? Omdat hierdie drie manne VOL GELOOF was. Jesus het beslis nie 'n klomp ongelowiges nodig gehad nie – Hy het hulle nie eers toegelaat nie! Sorg jy ook maar dat jy omring word met mense vol geloof, *nie die wat maar gelate al Satan se leuens en aftakeling aanvaar nie!* Hulle slappe aanvaarding sal jou net van die wal in die sloot in help! Gaan SOEK gelowiges op wat GOD SE WOORD GLO, al moet jy selfs van denominasie verander!

In vers 39 maak Jesus weereens die duiwel stil. Woorde van ongeloof en twyfel is nie nodig nie, daarom moet die geeste van ongeloof en twyfel UITGEDRYF word (vers 40). Stel jou voor hoe hierdie geween en jammerklagte Jairus se geloof moes aangeval het toe hy daar by sy huis kom, maar Jesus het dit nie verdra nie! JY MOET OOK NIE!

Toe lag Satan Hom uit! (vers 40) Jy weet hoe mense skepties is en agteraf lag as jy bely dat jy vir jou laat bid het en glo dat die Here besig is om jou te genees, of genees het, want dis volgens die Bybel. *Jy LYK dan sò sleg, en die dokter het gesê jy het 'n ONGENEESLIKE KWAAL – jy is seker van lotjie getik om te dink die Here het jou genees!*

Kan jy in hierdie verhaal jou eie omstandighede sien? Satan pas nog maar altyd dieselfde ou taktiek toe, en as jy begin twyfel en VREES, het hy 'n wettige rede om verdere aftakeling in jou situasie te bewerk. Dis hoekom Jesus keer op keer in die Bybel, en ook hier vir Jairus sê: MOENIE VREES NIE!

Toe gaan Jesus na die dogtertjie toe en weer neem Hy net hulle saam wat VOL GELOOF is. Toe kom die OORWINNING en die kind staan op!

Ek het lank oor vers 43 gedink en toe het ek besef dat Jesus seker nie wou gehad het dat iemand hiervan moes weet nie, omdat hy nie die geloofafbrekers 'n kans wou gee nie. JY ken hulle mos ook wat sê: *O, hierdie skielike beterskap waarvan jy praat noudat jy vir jou laat bid het, vertrou ek niks. Dis net 'n laaste opflikkering voor die einde. Jy gaan buitendien teen God se Wil in – aanvaar jou siekte!*

Hulle was in Jesus se dae ook seker volop en sou sê: *Ek glo nie Jairus se storie dat sy kind opgestaan het uit die dood nie – en as dit wel die geval is, is dit 'n bose kwessie. Net 'n paar dae en hulle sal haar moet begrawe.*

My raad aan jou Geliefde is ook: bly weg van die geloofafbrekers, gee hulle nie 'n kans nie! Die Here sê ons geloof word opgebou deur Sy Woord (Rom. 10:17). Lees dus soveel as moontlik die Woord van God, GLO wat daarin staan, en maak kontak met hulle wat PRAAT volgens die Woord van God, teen omstandighede in, volgens God se Woord, en NIE IN VREES VERVAL nie. Die Here is wakker oor Sy Woord om dit te volbring.

As jy ernstig oor die verhaal van Jairus nadink, sal jy besef dat die vrees wat hom kon oorval het, die VREES VIR DIE DOOD van sy kind was. En die onderliggende VREES by alle ander soorte van VREES, is maar altyd die VREES VIR DIE DOOD. Dink maar aan die vrees om in 'n vliegtuig te reis – basies vrees jy die ongeluk wat lei tot die dood! Die vrees om in die see te swem – dis die vrees om te verdink en te sterf! Die vrees om jou seun

(Vervolg op Bl. 4)

(Vervolg vanaf Bl. 3 - Bevryding van vrees…)

toe te laat om op 'n motorfiets te ry – jy vrees hy sal verongeluk en sterf! Die vrees vir siekte – die vrees om te sterf, die vrees vir die dood! *Die vrees vir die donk*er – die vrees vir die onbekende wat jy nie kan hanteer nie wat jou dood kan veroorsaak! (Hier dink ek dan onwillekeurig weer aan Job wat gesê het dat dit wat hy GEVREES het, het oor hom gekom- Job 3:25).

Die kind van die Here WEET egter dat JESUS CHRISTUS DIE DOOD OORWIN HET, daarom het hy nie nodig om die dood te vrees nie. En as hy nie die dood hoef te vrees nie, hoef hy NIKS ANDERS te vrees nie, want vrees vir die dood is die UITERSTE vrees.

Open. 1:17 en 18: Hy (Christus) het gesê: Moenie vrees nie, Ek is die eerste en die laaste en die lewende, en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amen. En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood.

As Jesus Christus hier sê: MOENIE VREES nie – vir wat moet ons nie vrees nie? Vir die DOOD, WANT HY HET DIE DOOD OORWIN, daarom het ons wat Sy Kinders is, NIKS OM TE VREES NIE!

Kom ons lees **Heb. 2:14 en 15: Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy (Jesus) dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het – dit is die duiwel – en almal kon BEVRY wat hulle hele lewe lank uit VREES VIR DIE DOOD aan slawerny onderworpe was.**

VREES VIR DIE DOOD is 'n *slawerny*, maar God het deur Jesus Christus Sy Kinders uit hierdie slawerny verlos want in Christus GAAN JULLE NIE STERF NIE, MAAR VIR EWIG LEWE! Dit is wat die Here se Woord sê! Nou is die vraag: GLO jy Sy Woord? *As jy nie Sy Woord glo nie, het jy rede tot vrees!* Want as jy NIE DIE HERE SE WOORD GLO NIE (en onthou 'n mens bewys dat jy iets glo deur daaraan *gehoorsaam* te wees – te doen wat dit sê, anders is dit lippediens!) dan het jy rede om te vrees om in 'n vliegtuig te reis en te verongeluk, òf om in die see te swem en te verdrink, òf om jou seun te laat motorfietsry en te verongeluk, òf om siek te word tot die dood toe, òf om in die donker aangeval te word.

Satan WEET die dag as ons nie meer die dood vrees nie, want dan kan hy niks verder aan ons doen nie, aangesien ons die UITERSTE VREES oorwin het omdat ons GOD SE WOORD GLO wat vir Sy Kinders vrymaking van die dood, en die Ewige Lewe belowe! **Joh. 3:16: Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy Sy Eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die EWIGE LEWE kan hê.** Daar staan die WAARHEID baie duidelik. As jy dus miskien *onbewustelik* 'n vrees vir die dood gehad het, stel ek voor jy bely dit



Ons God van wonderwerke

Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Dit is nou twee jaar gelede wat ons gesin aan u 'n gebedsversoek gerig het, waarin ons Ouma Bets Kromhout opgedra het. Die dokters het haar met kanker in die speekselklier gediagnoseer en sou hulle geopereer het op 14 Julie 2008. Ouma was daardie dag opgeneem en gereed vir die operasie maar toe die dokter daar kom wys die cat scan dat dit nie moontlik is om te opereer nie, aangesien die klier onder die kakebeen ingeskuif het. Hy het Ouma Bets toe verwys na die onkologie afdeling vir 6 weke se bestraling. Die Here het haar deur die moeilike tyd gedra en vandag kan ons met groot opgewondenheid en vreugde getuig dat Ouma Bets ten volle genees is, sonder 'n operasie en daar is geenkanker meer nie. Ons is dankbaar vir die Here se genesing en kan opnuut weer besef hoe groot Hy werklik is. Byvoorbaat dankie vir elke gebed. Groete

Muller en Kromhout gesinne, Vanderbijlpark (30 August)

Ek wil graag getuig oor wat 'n wonderlike God ons het! Op 5 Julie 2010 was 'n bloedtoets geneem, en bevind dat die maag weer probleme gee. Die bloedtelling toon aan dat die 14% is, en eintlik 0.5% moet wees. Dr P.L.S van Rooyen, my spesialis stel toe voor dat hulle eers my maag onder beheer kry, voordat die knoppe verwyder sou word uit my linker bors. Ek word dus opgeneem, en 'n colonoscopy onder narkose toon aan dat daar 'n kwaadaardige poliep in my dermkanaal is wat heeltemal verwyder is. Ek is huis toe, en Dr van Rooyen vra dat ek hom op die 26ste Julie weer moet kom sien. Op die 26ste Julie bevestig hy dat die bloedtelling reg is, en dat hy wel die kwaadaardige knop sal moet verwyder. Ek word geskeduleer vir die volgende dag, die 27ste Julie 2010 en moet 9vm by die hospitaal aanmeld. Ek was ook kort-kort in gebed met Jesus. By die hospitaal, net voordat ek teater toe sou gaan, vra Dr van Rooyen dat die radioloog weer 'n ultra sound sal doen. Na die ultra sound het die radioloog met my gedeel dat Dr van Rooyen wil my net gou in teater sien. Hulle stoot my toe met bed en al teater toe, waar Dr van Rooyen my meedeel, dat geen operasie kon plaasvind nie, die knoppe is alles weg, my linker bors is skoon en hy dus niks het om te verwyder nie. Dit was 'n groot verligting vir my en ek was dankbaar en baie bly, en het God gedank daarvoor! Ek wil vir almal wat in Stanger saam gebid het, baie dankie sê. Lanie van der Laan, my vriendin het gevas, en ook baie ernstig in bede met onse Here Jesus.

Mev C van Wyk, Richardsbaai (6 September)

I asked your ministry to pray for my daughter Tania Nordin over the past almost four months. She had a gall bladder operation on the 13 April this year. During the operation the operation the surgeon accidentally cut the bile duct, as the liver, gallbladder and bile duct was partially obscured by an abscess. The surgeon could not repair the bile-duct and my daughter had to be taken to a Johannesburg hospital for repair surgery. Due to her abdomen having filled up with bile and blood in the meantime, she got extreme infections and this resulted in sepsus wounds. She was on a ventilator, her kidneys started failing and she had to be placed on a dialyses machine. The operation to clear her abdomen of the bile and blood took hours. The stitching of this incredibly

long cut down her abdomen, burst open when the stitching was removed. Due to the infection the tissue did not heal. My daughter had the strongest antibiotics possible, to rid her of the severe infections. All the time she was I.C.U and at times in absolute isolation in the I.C.U. Tania had five holes in her abdomen with tubes draining fluid from her body. The repair to the bile duct was performed on the 14th June. This time Tania was cut from the left to the right hand side of her abdomen. Once against the wounds did not heal, and the stitching fell apart due to severe infection. I am a widow and at night I sat alone in the home praying to God and many times having communion on my own, praying for God's healing over Tania's body. By this time I had been told three times, that Tania may not survive – she was weak, riddled with infection, kidneys failing, water on the lungs ... I had been praying to God every day and night trusting God for His healing power over Tania. This one particular night, having communion. I prayed (and cried) to God to touch Tania in a miraculous way. I opened my Bible, and the words of Isaiah 58:8 were in front of me **"....I shall heal your wounds quickly..."** I prayed these words over Tania. Tania's wounds were approximately 30cm long, and 3½cm wide open, and about 2cm deep. Once at home, we still had to clean the wounds each day. A nursing friend of ours helped clear the wounds each day, and said: "these are going to take 5 to 6 months to heal." I knew that my God had promised differently. Tania's wounds are now not closed yet, but after almost 1 3/4 months they are speedily busy closing. PRAISE GOD FOR HIS FAITHFULNESS AND HIS WORD, WHICH NEVER FAILS. Tania is home and getting stronger each day. The Word of God that you prayed over Tania was (Ps. 118:17) *"You shall live and not die."* Bless you and thank you for your prayers, your kind messages and for supporting us in this time of trial. Thank you for thinking of us although you are so very busy. We praise God for precious people like you. TO GOD BE THE GLORY!!

Betty Lewis, Benoni (6 August 2010)

Ed. Read our book "The Lord's Table and Healing

Ek wil graag vertel van my vriendin Hester Beyers vir wie u gebid het. Sy was uiters siek in die hospitaal met lewer en nier probleme, asook vog wat in die buikholte opgehoop het. Die dokter wat haar behandel het in die hospitaal, het daagliks 'n professor geskakel vir sy advies. Nadat Dr James vir haar gebid het, was daar so 'n drastiese verandering dat die professor toe sê: "This is a miracle!" This has never happened before." Prys die Here! Baie dankie aan julle alma! God seën julle. Liefde

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.

uit **Dr James** se kantoor

Geliefde Familie in Jesus ons Here,

Alhoewel ons Christene is, moet ons te die midde van 'n goddelose wêreld leef, dus help dit nie om daaroor te kerm en te kla nie. Jesus het gesê dat ons nie van die wêreld is nie, soos Hy ook nie van die wêreld was nie. Hy het nie gebid dat ons uit die wêreld geneem moes word nie (Joh. 17:15 -16), omdat Hy geweet het dat dit beter vir ons sou wees om elke moeilikheid wat ons teenkom in die Here se krag te ontmoet en Hom daarin te verheerlik! Ons moet die toetse van die lewe slaag en daardeur sterker word. Die vyand is altyd gereed om fout te vind met jou gedrag, want hy is die aanklaer van die broeders, daarom moet jy geen plek aan hom in jou lewe gee nie (Ef. 4:27). Onthou dat die oë van die ongeredenis op jou is en dat meer van jou verwag word as van ander mense. Vir die rede, beywer jou om geen rede vir beskuldiging te gee nie. Laat jou goedheid die enigste fout wees wat hulle in jou kan vind, dit is verering aan die Here. Probeer om vrugbaar asook bestendig te wees. Jy mag dink dat jy die Here beter sou kon dien in 'n ander plek deur die posisies waarin jy is, maar die waarheid is dat hoe slegter die mense rondom jou is, hoe meer het hulle jou voorbeeld nodig! As hulle korrup is, het hulle jou voorbeeld nodig om hulle reg te help. As hulle rebels is, moet hulle hul trotse hart na die waarheid keer. Ons kry dokters waar die siekes is! Wanneer jy ontmoedig raak as gevolg van al die sonde, tweedrag en korrupsie wat jou omring, onthou dat die vroeë Christene dieselfde beproewinge verduur het. Sommige het hulle lewens tot die dood toe in gevaar gestel, en julle sal ook krone as beloning ontvang as julle die hardheid soos 'n goeie soldaat van Jesus Christus verduur. Daarom: **Waak, staan in die geloof, wees manlik, wees sterk (1 Kor. 16:13).** Daar is twee dinge hierdie maand in my gedagte. Die eerste is om julle te smeek om meer as ooit tevore vir Israel en vir die vrede van Jerusalem te bid. Ons, as Christene behoort saam met Israel in hierdie moeilike tye vir hulle, te staan. Die hele wêreld (ingeslote Amerika onder Obama) is teen die Here se Heilige Land, die "Appel van Sy oog", en alhoewel dit in Sy Woord geprofiteer is dat dit in die eindtyd sal gebeur, moet ons ernstig bid dat Sy planne en Sy doelstellings in hierdie tyd vervul sal word. (Lees ons boeke "Israel and Ismael" en "Is jy Gereed")

Die tweede is om vir ons lesers te vra dat as julle bewus raak van enige gepeuter met die inhoud van ons boeke wat op ons webtuiste is, om ons asseblief te laat weet. Ons moes in die verlede groot byvoegings en veranderinge regstel wat aan sommige van ons boeke gedoen is, veral aan die "huwelik" boek. Kwaaddoeners het die inhoud vervals met godslastering. Daar is nou meer sekuriteit in plek, maar 'n mens kan nie te versigtig wees wanneer die Evangelie van die Here Jesus Christus versprei word in die omvang wat ons trag om te doen nie. En dit kan ons slegs doen deur julle getroue en vrygewige ondersteuning op elke manier. Baie dankie vir julle gebede en dat julle ons arms omhoog hou. Elke dag is ons bewus van ons behoefte aan Sy krag en Sy aanwysing,

(Vervolg op Bl. 6)

(Vervolg vanaf Bl. 5 - Uit Dr James se kamtoor)
leiding en bestuur en ons loof en dank Hom vir elkeen van julle wat saam met ons staan terwyl ons beoog om gehoorsaam aan Jesus se opdragte te wees om: **"Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom"(Mark. 16:15).** Julle is so 'n belangrike deel om dit alles moontlik te maak en baie van julle kom 'n lang pad saam met ons vanaf 1979 toe die Here my geroep het om my mediese professie, distrik geneesheer aanstelling en burgemeesterskap van Stanger op te gee en my geroep het om die Evangelie te versprei. Baie dankie! Wat 'n wonderlike voorreg is dit nie om as 'n dienskneg van die Here te arbei nie.

Ons het julle elke oggend in ons gebede, wanneer ons vir die versoeke bid wat ons vir die dag ontvang het, en vra die Here om julle te seën en in julle behoeftes te voorsien. Hy ken julle en het julle lief en begeer om julle te seën, dus weet ons dat wanneer ons vir julle bid, ons vir Sy volmaakte wil bid om in julle lewe en die lewens van julle geliefdes te manifesteer. Jesus het gesê, **as jy kan glo, alle dinge is moontlik vir die een wat glo (Mark. 9:23).**

Baie liefde groete

Dr James

Spesiale woord van dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

BEARING FRUITS OF righteousness

On the 23rd of March 1979, a prophecy was given in the Stanger Town Hall, and the Lord declared through His servant that night, what He had ordained for this place. It was indeed and without doubt an anointed word from the Lord, given at length and in detail, describing how He planned to do a work "in this place" that the Nation (South Africa) would know about. When the prophecy was being given, it was accompanied by loud thunder and lightning, although there had been no sign of rain or cloudy weather when we arrived at the Town Hall, - and, thunder storms are very rare for our area! The Lord said through His servant that there would be signs and wonders, miracles and even a literature ministry. Every detail (and there were many) has come to pass – even the accurate description of what the building would be like, down to the "corrugated metal roof". However, the reason for my bringing this to remembrance, is because the message from the Lord to our eager and earnestly seeking small group of believers that night, ended with these words: **"And when you see these things come to pass, know that it is I the Lord that has done it. But look not at the signs and wonders of man, but to the fruits of righteousness – of love, of temperance and of Holy living."**

The many wonders and miracles that we have seen the Lord do in this place will fill many books if we were to record them all, and we rejoice at each one as it takes place. We never take His wondrous works for granted and we always give Him every bit of the honour and glory that is due to Him and Him alone. But we are very conscious that the Lord is equally concerned, maybe even more so, about the fruit of righteousness that must be evident in our lives.

It is most significant that when Jesus had completed giving His disciples a description of the signs of the end times in Matthew chapter 24, He went on to give them four **end time parables**. These were the last parables that the Lord told before He was crucified, and therefore they are of major importance, particularly in context with end time teaching. They are parables directly relating to "fruits of righteousness". We will discuss their contents individually, but significantly, the fourth parable ends at the end of Matthew chapter 25, and we read at the beginning of the very next chapter, Matthew chapter **26: 1-2: And it came to pass, when Jesus had finished all these sayings, He said unto His disciples, Ye know that after two days is *the feast of* the Passover, and the Son of man is betrayed to be crucified.** In other words**,** once He had told them the signs of the times which included these crucial four parables, He then went straight on to tell them about His imminent crucifixion at Passover. He had despatched this all important end time message, and now it was over to His disciples to react upon it!

Before He starts telling them the first parable, comes His warning in verse 42 : **Watch therefore: for ye know not what hour your Lord doth come. (Matt. 24:42)** Then He begins directly with the first parable in verse 43 of Matthew chapter 24.

First Parable - THE WISE SERVANT

The account of the wise servant is found in **Matthew 24:43-51: But know this, that if the goodman of the house had known in what watch the thief would come, he would have watched, and would not have suffered his house to be broken up. Therefore be ye also ready: for in such an hour as ye think not the Son of man cometh. Who then is a faithful and wise servant, whom his lord hath made ruler over his household, to give them meat in due season? Blessed *is* that servant, whom his lord when he cometh shall find so doing. Verily I say unto you, That he shall make him ruler over all his goods. But and if that evil servant shall say in his heart, My lord delayeth his coming; And shall begin to smite *his* fellow servants, and to eat and drink with the drunken; The lord of that servant shall come in a day when he looketh not for *him,* and in an hour that he is not aware of, And**

(Continued on page 7)

(Continued from page 6 - Bearing fruits of righteousness)

shall cut him asunder, and appoint *him* his portion with the hypocrites: there shall be weeping and gnashing of teeth. The Lord's message is very clear for us to be ready and "on the job" that He has entrusted to us until He returns! Be prepared, by keeping on, keeping on!

Second Parable - THE TEN VIRGINS

We all know the lesson to be learnt from the parable of the five foolish virgins found in**: Matthew 25:1 -13 Then shall the kingdom of heaven be likened unto ten virgins, which took their lamps, and went forth to meet the bridegroom. And five of them were wise, and five *were* foolish. They that *were* foolish took their lamps, and took no oil with them: But the wise took oil in their vessels with their lamps. While the bridegroom tarried, they all slumbered and slept. And at midnight there was a cry made, Behold, the bridegroom cometh; go ye out to meet him. Then all those virgins arose, and trimmed their lamps. And the foolish said unto the wise, Give us of your oil; for our lamps are gone out. But the wise answered, saying, *Not so;* lest there be not enough for us and you: but go ye rather to them that sell, and buy for yourselves. And while they went to buy, the bridegroom came; and they that were ready went in with him to the marriage: and the door was shut. Afterward came also the other virgins, saying, Lord, Lord, open to us. But he answered and said, Verily I say unto you, I know you not. Watch therefore, for ye know neither the day nor the hour wherein the Son of man cometh.** Jesus is our Bridegroom, and we must be waiting for His arrival in readiness and with expectancy – filled with His Word and constant in prayer! We must remain ready!

Third Parable - THE FAITHFUL SERVANT

In this parable, Jesus challenges us to be investing in the Kingdom of Heaven while we are here on Earth. He has given each one of us individual talents and abilities that He intends us to use for His Glory and for the extension of His Kingdom. Whatever treasures we store up in Heaven will never rust or decay. **Matthew 25:14-30 For *the kingdom of heaven is* as a man travelling into a far country, *who* called his own servants, and delivered unto them his goods. And unto one he gave five talents, to another two, and to another one; to every man according to his several ability; and straightway took his journey. Then he that had received the five talents went and traded with the same, and made *them* other five talents. And likewise he that *had received* two, he also gained other two. But he that had received one went and digged in the earth, and hid his lord's money. After a long time the lord of those servants cometh, and reckoneth with them. And so he that had received five talents came and brought other five talents, saying, Lord, thou deliveredst unto me five talents: behold, I have gained beside them five talents more. His lord said unto him, Well done, *thou* good and faithful servant: thou hast been faithful over a few things, I will make thee ruler over many things: enter thou into the joy of thy lord. He also that had received two talents came and said, Lord, thou deliveredst unto me two talents: behold, I have gained two other talents beside them. His lord said unto him, Well done, good and faithful servant; thou hast been faithful over a few things, I will make thee ruler over many things: enter thou into the joy of thy lord. Then he which had received the one talent came and said, Lord, I knew thee that thou art an hard man, reaping where thou hast not sown, and gathering where thou hast not strawed: And I was afraid, and went and hid thy talent in the earth: lo, *there* thou hast *that is* thine. His lord answered and said unto him, *Thou* wicked and slothful servant, thou knewest that I reap where I sowed not, and gather where I have not strawed: Thou oughtest therefore to have put my money to the exchangers, and *then* at my coming I should have received mine own with usury. Take therefore the talent from him, and give *it* unto him which hath ten talents. For unto every one that hath shall be given, and he shall have abundance: but from him that hath not shall be taken away even that which he hath. And cast ye the unprofitable servant into outer darkness: there shall be weeping and gnashing of teeth.** We will be well rewarded by the Lord on judgement day if we keep investing in eternal treasures.

Fourth Parable - THE GOATS AND THE SHEEP

This last of the four end time parables is so much on my heart! Jesus is concerned about those who are poor, hungry, without clothes and shelter and those in prison. The Word of the Lord constantly reminds us that we should be mindful of the poor, the widows and the orphans. Are we as concerned as He is? **Matthew 25:31-46: When the Son of man shall come in his glory, and all the holy angels with him, then shall he sit upon the throne of his glory:And before him shall be gathered all nations: and he shall separate them one from another, as a shepherd divideth *his* sheep from the goats: And he shall set the sheep on his right hand, but the goats on the left. Then shall the King say unto them on his right hand, Come, ye blessed of my Father, inherit the kingdom prepared for you from the foundation of the world: For I was an hungred, and ye gave me meat: I was thirsty, and ye gave me drink: I was a stranger, and ye took me in: Naked, and ye clothed me: I was sick, and ye visited me: I was in prison, and ye came unto me. Then shall the righteous answer him, saying, Lord, when saw we thee an hungred, and fed *thee?* or thirsty, and gave *thee* drink? When saw we thee a stranger, and took *thee* in? or naked, and clothed *thee?* Or when saw we thee sick, or in prison, and came unto thee? And the King shall answer and say unto them, Verily I say unto you, Inasmuch as ye have done *it* unto one of the least of these my brethren, ye have done *it* unto me. Then shall he say also unto them on the left hand, Depart from me, ye cursed, into everlasting fire, prepared for the devil and his angels: For I was an hungred, and ye gave me no meat: I was thirsty, and ye gave me no drink: I was a stranger, and ye took me not in: naked, and ye clothed me not: sick, and in prison, and ye visited me not. Then shall they also answer him, saying, Lord, when saw we thee an hungred, or athirst, or a stranger, or naked, or sick, or in prison, and did not minister unto thee? Then shall he answer them, saying, Verily I say unto you, Inasmuch as ye did *it* not to one of the least of these, ye did *it* not to me. And these shall go away into everlasting punishment: but**

(Continued on page. 8)

(Continued from page 7 - Bearing fruits of righteousness)
the righteous into life eternal. To be prepared for His coming, we must be involved in caring for those in need, because that is the very heart of our Lord. Let us start with those around us - let us become more conscious of the needs of others right under our noses. It is important to note the Lord's comments at the conclusion of each of the four end time parables we have discussed – His stern admonition to those who have been **disobedient** to His warnings. Let us take note of all of the above so that we are ready for our King! To be ready, we must ask the Lord to give us a burden for lost souls, and then we need to intercede for the lost, - for those who do not know Jesus. We must ask Him to give us hearts of compassion for the poor and hungry, the widows and orphans and then we need to respond with the appropriate acts of kindness, as He leads and guides us.

***Is* not this the fast that I have chosen? to loose the bands of wickedness, to undo the heavy burdens, and to let the oppressed go free, and that ye break every yoke? *Is it* not to deal thy bread to the hungry, and that thou bring the poor that are cast out to thy house? when thou seest the naked, that thou cover him; and that thou hide not thyself from thine own flesh? (Isa. 58:6-7)**

Pure religion and undefiled before God and the Father is this, To visit the fatherless and widows in their affliction, *and* to keep himself unspotted from the world. (James 1:27)

We are: **LOOKING FOR THAT BLESSED HOPE, AND THE GLORIOUS APPEARING OF THE GREAT GOD AND OUR SAVIOUR JESUS CHRIST; Who gave Himself for us, that He might redeem us from all iniquity, and purify unto Himself a peculiar people, zealous of good works. (Tit 2:13-14)**

Beloved, now are we the sons of God, and it doth not yet appear what we shall be: but we know that, WHEN HE SHALL APPEAR, WE SHALL BE LIKE HIM; FOR WE SHALL SEE HIM AS HE IS. And every man that hath this hope in Him purifieth himself, even as He is pure. (1 John 3:2-3)

My prayer for each one of you is that:**....the very God of peace sanctify you wholly; and *I pray God* your whole spirit and soul and body be preserved blameless unto the coming of our Lord Jesus Christ. (1Thess. 5:23)** To be prepared for His coming, we, as the Bride of Christ, need to be at that place, where we are ready to cry out in one accord. **COME! (Rev. 22:17) And the Spirit and the bride say, Come. And let him that heareth say, Come. And let him that is athirst come. And whosoever will, let him take the water of life freely.** Then we will hear our Lord's response**.... Surely I come quickly. Amen. Even so, come, Lord Jesus. (Rev 22:20)** (Read our book "Are You Ready") ☐

Nuutste Boeke

70 – Are You Ready? – R16.00
71 – Is Jy Gereed? – R16.00

Mosterdsaad Boeke R8.00 elk

M72A - Die Mens se Wysheid is Dwaasheid met God
M72 - Man's Wisdom is Foolishness with God
M47 - What is the Name of our God?
M77 - Wat is die Naam van ons God?
M75 - What is Real Faith?
M73 - Divine Wisdom for Man
M73A – Goddelike wysheid vir die mens
M76 - Bybelse Geloof triomfeer altyd oor die vyand se aanvalle
M74 - Israel or Ishmael